
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2024

## VRYSTAAT

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Drama (40)
   AFDELING A: Kortverhale (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama *(Perdekrag)* wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: DRAMA**

**Beantwoord slegs die EEN vraag.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Perdekrag* | 40 | 4 |
| | | |
| **OF** | | |
| **AFDELING B: KORTVERHALE** <br> **Beantwoord AL TWEE kortverhale.** | | |
| 2. "Die ramp" | 20 | 8 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| "Die ooreenkoms" | 20 | 10 |
| | | |
| **OF** | | |
| | | |
| 3. "Leuens" | 20 | 12 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| "Om laaste te kan lag" | 20 | 14 |




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: DRAMA

## VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

| | |
|---|---|
| WILMA: | En jy brom nie so nie, gehoor! Jy praat behoorlik dat ek en Binki jou kan verstaan. Maak of jy ordentlik is, magtag. Kom, hark hier skoon. *(Wilma beduie na iets net binne Kaizer se stal. Lucky kom die stal skoorvoetend binne, maar sodra hy sy rug op Kaizer draai, lui sy selfoon skel. Kaizer deins terug. Lucky spring uit die stal en gryp sy selfoon uit sy agtersak om te antwoord.)*<br>Ek het gesê jy moet dit wegsit. Jy beter nou luister of – |
| LUCKY: | *(Uitdagend van die skrik.)* Of wat? Ek sal praat as ek wil praat. Jy en wie nog gaan my keer?<br>*(Hy lig die foon na sy oor om te praat, maar Wilma stap dreigend nader.)* |
| WILMA: | Luister jy nou baie mooi vir my, Meneertjie. Die magistraat doen jou prokureur 'n guns, en ek doen weer vir haar 'n guns. Ek hoef jou glad nie hier by my stalle te laat werk nie. |

1.1 "Luister jy nou baie mooi vir my, Meneertjie." (Reël 11)

1.1.1 Wie is hierdie Meneertjie? (1)

1.1.2 By watter stalle is Meneertjie? (1)

1.1.3 Waarom is Meneertjie hier? (1)

1.1.4 Wat het Wilma gedoen nadat Meneertjie later weer op sy selfoon besig was? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

" ... *Wilma stap* ***dreigend*** *nader*" in reël 10 sê vir ons dat Wilma … was.

A moeg
B kwaad
C haastig
D opgewonde (1)

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Dit was Lucky se werk om die stalle uit te hark en vars <u>water</u> in te sit. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 en 1.4.2) en die antwoord neer.

Wilma was eers geduldig *(patient)* met Lucky, want sy wou hom (1.4.1) (help/straf). Omdat Lucky so (1.4.2) (stout/fluks) was, het Wilma later ongeduldig *(impatient)* met hom geraak. (2)

1.5 Lucky sê sekere goed vir sekere redes.

Kies die rede uit KOLOM B wat by Lucky se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | "Beentjie. Soos armpie en voetjie en handjie." | A | Lucky is negatief teenoor ryk mense. |
| 1.5.2 | "Take it easy, Miesies Cheesy." | B | Lucky hou daarvan om Binki te terg *(tease)*. |
| 1.5.3 | "Of mag net die ryk rotte die goed ry?" | C | Lucky kan nie glo Binki se ma het so min tyd vir haar nie. |
| 1.5.4 | "O ja. Jou ma is Busy Lizzie." | D | Lucky kan nie verstaan hoekom Binki nie met hom wou praat nie. |
| | | E | Lucky is moeilik met Wilma. |

(4 x 1) (4)

1.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky van Dukie vertel.
- Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.
- Lucky het sy nommer op Binki se foon gesit.
- Wilma het dadelik vir Lucky verduidelik watter werkies hy moes doen. (4)

1.7 Waarom was dit reg van die magistraat om vir Lucky 'n tweede kans te gee? (1)

1.8 Waarom was dit verkeerd van Lucky om nie sy selfoon weg te sit toe Wilma gesê het hy moet dit doen nie? (1)

1.9 Waarom is dit goed dat Wilma so streng *(strict)* met Lucky is? (1)

1.10 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat Lucky nie op die perdeplaas wou wees nie? (1)

**EN**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | ... Ek en my simpel groot bek. Ek skree my stupidgeit uit met 'n boom box sodat almal kan hoor ek is net 'n perdedrol. *(Binki wil hom simpatiek aanraak, maar hy deins weg van haar.)* Stoppit! Ek word nie aan gevat nie. Nie deur jou soort nie. |
| BINKI: | Skies. Ek wou maar net – *(Sy draai verleë weg en maak of sy iets in die stoorkamer soek.)* |
| LUCKY: | Skies, Binki. |
| BINKI: | Ek moes nie – ek weet nie wat nie. |
| LUCKY: | Ek laaik myself nie altyd nie. |
| BINKI: | *(Paaiend.)* Dis oukei. |
| LUCKY: | Nee, dit is nie! Ek het die hele week aan jou gedink. Jy sal nie aan my vat as jy weet hoekom ek hier is nie. |
| BINKI: | Waarom sal ek nie? |
| LUCKY: | Want jy hardloop vlamme in om 'n bleddie brak te red. Ek en jy leef in verskillende wêrelde ... Jou huis het afgebrand, ... , maar my hele lewe brand elke dag so bietjies-bietjies af. |

1.11 Noem TWEE redes waarom Binki by Wilma op die plaas gebly het. (2)

1.12 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) en die antwoord neer.

1.12.1 Wilma het vir Lucky vertel wat met haar perd, ... (die perd se naam), gebeur het. (1)

1.12.2 Wilma het die aand van die ongeluk baie gedrink. Lucky het haar daarom 'n ... genoem. (1)

1.12.3 Lucky het ... maande by Wilma gewerk. (1)

1.12.4 Binki het haar matriek deur ... gedoen. (1)

1.13 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n vergelyking; | personifikasie; | 'n metafoor |

"Ek skree my stupidgeit uit met 'n boom box sodat almal kan hoor **ek is net 'n perdedrol**." (Reël 1 en 2) Dit is 'n voorbeeld van ... (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

"... maar my hele lewe **brand elke dag so bietjies-bietjies af**." (Reël 15 en 16) Dit beteken dat ...

A 'n deel van Lucky-hulle se huis ook afgebrand het.
B Lucky en die mense in sy lewe baie probleme het.
C die mense in Lucky se omgewing elke dag vuur maak.
D daar elke dag huise in Lucky se omgewing afgebrand het. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 en 1.15.2) en die antwoord neer.

In reël 1 tot 4 is Lucky se toon teenoor Binki (1.15.1) (onvriendelik/vriendelik). In reël 7 tot 11 verander sy toon, want hy het (1.15.2) (besef dit was onregverdig om so met Binki te praat/gedink dit was eintlik Wilma se skuld). (2)

1.16 Waarom het Binki bloese met lang moue gedra? (1)

1.17 Lucky het Binki se bloes opsetlik *(on purpose)* geskeur.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.18 Die lewe op die plaas was teen die einde goed vir Binki en Lucky.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Lucky het vir Kaizer gesê hy was jammer oor wat hy gedoen het. | A | Binki aanvaar *(accept)* die situasie met haar ma. |
| 1.18.2 | Binki het weer vir Lucky die foto's van Dukie op haar foon gewys. | B | Binki is nie meer so bang vir die perde nie. |
| 1.18.3 | Binki het die langnaweek op die plaas gebly. | C | Lady Jane en Kaizer doen wat Lucky vir hulle vra. |
| 1.18.4 | Lucky het geleer om mooi met die perde te praat. | D | Kaizer aanvaar Lucky se verskoning. |
| | | E | Lucky verander sy kontaknaam na "Extra Lucky". |

(4 x 1) (4)

1.19 Waarom was dit goed vir Lucky dat Binki haar storie vir hom vertel het? (1)

1.20 Waarom was dit goed vir Wilma dat sy vir Lucky die kans gegee het om op die plaas te werk? (1)

1.21 Waarom is dit vir jou lekker om te weet dat Binki se lewe aan die einde van die drama verander het? (1)

1.22 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die drama pas? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: KORTVERHALE**

**VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE RAMP" – TT Cloete
EN
VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

**VERHAAL A: "DIE RAMP" – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

... Uiteindelik kom my weldoener saam met die insleepmotor daar aan.

Ek vra dat ek liefs na Port Elizabeth gesleep moet word, al is Humansdorp nader.

Uit blote nuuskierigheid of uit verligting loer die drie van ons by my motor se enjin in. Ons buk al drie vooroor. Toe ek my kop optel, stamp ek my onbekende weldoener op die neus. Sy bril val van sy oë af en breek in ontelbare stukkies op die teerpad.

Daar begin die ellende weer van voor af …

Uiteindelik is my motor aan die insleepmotor gehaak. Die dag wil al amper breek. Ek wil my weldoener vergoed. Hy weier om iets van my te neem.

"Al betaal ek dan net vir jou bril," pleit ek.

"Nee, geen sent vir my nie. As ek iéts van jou neem, sal dit op 'n ander manier vermenigvuldig van my weggeneem word. Ek is bly ek kon jou help."

2.1 "Ek is bly ek kon jou help." (Reël 11)

2.1.1 Wie praat hier met die verteller? (1)

2.1.2 By watter plek het die verteller die bokkie gestamp? (1)

2.1.3 Wat was fout met die motor nadat hy die bokkie gestamp het? (1)

2.1.4 Waarom wou die verteller liewer na Port Elizabeth toe gesleep word? (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.2.1 en 2.2.2) en die antwoord neer.

Terwyl die verteller alleen langs die pad gestaan het, het (2.2.1) ('n paar motors by hom gestop/die motors net verby gery). Die plan om sy seun saam met hom te laat staan, was (2.2.2) (suksesvol/onsuksesvol). (2)

2.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Daar was nie 'n kind in die weldoener se motor nie. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

"Die **dag** wil al amper **breek**." (Reël 7) Dit beteken dat ...

A die dag verby was.
B die nag baie donker was.
C dit besig was om lig te word.
D dit nie 'n lekker dag was nie. (1)

2.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | "Daar is niks verkeerd nie." | A | Die verteller kon die weldoener vertrou. |
| 2.5.2 | "Ek gaan jou nie in die steek laat nie." | B | Die weldoener het graag ander gehelp sonder om geld te verwag. |
| 2.5.3 | "Al betaal ek dan net vir jou bril." | C | Die verteller wou nie hê sy kinders moes bang wees nie. |
| 2.5.4 | "Nee, geen sent vir my nie." | D | Die verteller was bekommerd oor sy vrou. |
| | | E | Die verteller was bly oor die weldoener se hulp. |

(4 x 1) (4)

2.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die kleinste het siek geword.
- Die gesin het in Houtbaai vakansie gehou.
- Die verteller kon nie aspirien vir die kind kry nie.
- Die verteller en sy kinders het alleen teruggery huis toe. (4)

2.7 Waarom het die weldoener die regte ding gedoen toe hy in die nag stilgehou het om die verteller te help? (1)

2.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat die verteller negatief was oor die rit huis toe? (1)

2.9 Watter les het jy by die weldoener geleer? (1)

2.10 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die verhaal pas? (1)

EN
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het: Jakob en Willem.

Hulle was van die eerste intrekkers by die nuwe Rusoord; albei vlak in die sewentig, gesond van liggaam en verstand, en vasberade om van die laaste skof nog iets te maak. Die kamer wat hulle moes deel, was aan die sonsy van die gebou, ruim, en met huisgoed uit albei se verlede gemeubileer soos toegelaat deur die reëls van die Bestuur.

Nie dat hulle nie gou geleer het om sommige van die reëls van die Bestuur met 'n bietjie insig te vertolk nie, byvoorbeeld die reël dat alkohol alleen vir medisinale doeleindes in kamers gehou mag word. Goed en reg. Daarom het Jakob en Willem elke aand, stiptelik om halfses, die kamerdeur gesluit en hul medisyne gedrink. Een Vrydag het Jakob die bottel whisky gekoop en die volgende Vrydag Willem.

2.11 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.11) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n metafoor; | 'n vergelyking; | personifikasie |

"Hulle was **soos** twee broers ..." in reël 1 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.12) en die letter (A–D) neer.

Die verteller sê Jakob en Willem het mekaar eers "**teen die aand se kant** leer ken". (Reël 1) Dit beteken dat Jakob en Willem ...

A nie baie van mekaar gehou het nie.
B mekaar leer ken het toe hulle al oud was.
C daarvan gehou het om in die aand te kuier.
D mekaar ken vandat hulle saam op skool was. (1)

2.13 Watter reëling *(arrangement)* het Jakob en Willem oor 'n motor gemaak? Noem TWEE dinge. (2)

2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.

2.14.1 Jakob was 'n ... (beroep) toe hy jonger was. (1)

2.14.2 Willem het 40 jaar by 'n ... gewerk. (1)

2.14.3 Willem het gedink dat ou ... (haar naam) baie van Jakob hou. (1)

2.14.4 Jakob en Willem het na ... jaar van saambly 'n ooreenkoms gesluit. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.15 Hierdie verhaal handel oor Jakob en Willem se ooreenkoms.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.15.1 | Jakob en Willem het oor lewe ná die dood gewonder. | A | Jakob het vir Willem gevra om van die ooreenkoms te vergeet. |
| 2.15.2 | Jakob was bang vir spoke. | B | Jakob het begin dink daar is nie lewe ná die dood nie. |
| 2.15.3 | Willem het nie dadelik die teken kom gee nie. | C | Die whiskybottel se prop het presies om halfses losgedraai. |
| 2.15.4 | Uiteindelik hét Willem die teken kom gee. | D | Jakob het 'n nuwe kamermaat gekry. |
| | | E | Die een wat eerste sterf, moes vir die ander een 'n teken kom gee. |

(4 x 1) (4)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 en 2.16.2) en die antwoord neer.

Nadat matrone vir Jakob vertel het dat Willem dood is, is die toon van die verhaal (2.16.1) (komies/hartseer), want Jakob (2.16.2) (het sy vriend gemis/ wou nie alleen in sy kamer wees nie). (2)

2.17 Waarom wou Jakob nie vir die ander inwoners vertel hy is bang vir spoke nie? (1)

2.18 Jakob het die whisky in 'n kas toegesluit en die sleutel in sy laai gebêre.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.19 Waarom kan 'n mens verstaan dat Jakob nie met die vrouens in die ouetehuis wou praat nie? (1)

2.20 Waarom was dit goed dat Willem uiteindelik vir Jakob die teken gegee het? (1)

2.21 Ná Willem se dood het die ander inwoners vir Jakob kos aangedra en hom probeer troos *(comfort)*. Waarom kan jy vir hulle respek hê? (1)

2.22 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat Jakob en Willem baie goeie vriende was? (1)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "LEUENS" – CM van den Heever
EN
VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

**VERHAAL A: "LEUENS" – CM van den Heeve**r

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

… "Jy is miskien ook geïnteresseerd in sosiale werk. 'n Klompie van ons vrouens in hierdie omgewing het 'n klein klub gestig, dan maak ons klere bymekaar en elke Woensdagmiddag gaan ons na Vrededorp om dit onder die armes uit te deel. Voel jy nie lus om ons te help nie? Ons twee kan maklik saamry, nie waar nie?"

"Ja," antwoord Naomi, "ek sal graag wil help as ek kan," maar in haar hart skryn dit. Sy moet op haar lippe byt, want trane wil in haar oë kom. Sal sy nie maar bely nie, sê dat dit alles 'n bedrog is! Maar die woorde huiwer net tot op haar lippe, dit kan nie by haar onvernietigbare onafhanklikheidsgees verby nie. Die fyn, deurskynende porseleinkoppietjies, die geurende tee en roomgebakkies maak onbepaalbare gedagtes in haar los, sy weet self nie meer wat sy van die lewe verlang nie.

3.1 " ... dan maak ons klere bymekaar en elke Woensdagmiddag gaan ons na Vrededorp om dit onder die armes uit te deel." (Reël 2 en 3)

3.1.1 Wie praat hier met Naomi? (1)

3.1.2 Waar is die mense wat hier praat? (1)

3.1.3 Waarom is Naomi hier? (1)

3.1.4 Wat het gebeur nadat Naomi gesê het dit is tyd vir haar om bus toe te gaan? (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Naomi het nie daarvan gehou om in <u>Westcliff</u> te woon nie. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.3.1 en 3.3.2) en die antwoord neer.

In haar jongdae was Naomi gewoond aan 'n (3.3.1) (goeie/slegte) lewe. Omdat haar man (3.3.2) (onverantwoordelik/verantwoordelik) was, het hy elke keer sy werk verloor en nou woon die gesin in 'n swak omgewing. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A–D) neer.

"Maar die woorde **huiwer net tot op haar lippe,** … " (reël 7) sê vir ons dat Naomi …

A baie sag gepraat het.
B nie die waarheid kon vertel nie.
C die waarheid oor haar lewe vertel het.
D bang was om ander se gevoelens seer te maak. (1)

3.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | "Dis darem lank laas dat ons mekaar ontmoet het!" | A | Naomi se man was kwaad omdat sy wou gaan kuier. |
| 3.5.2 | "Gaan maar na jou vriendinne toe. Julle almal is 'n klomp snobs." | B | Naomi se vriendin was bly om haar te sien. |
| | | C | Naomi se man het vir haar geld vir 'n rok gegee. |
| 3.5.3 | "Mevrou Plesie, het jy gehoor van die vrou wat vermoor is ..." | D | Die buurvrou se woorde het Naomi geïrriteer. |
| 3.5.4 | "Ek verwag nooit te veel nie en raak daarom nooit te erg teleurgestel nie." | E | Naomi het besef dat hulle nie meer vriendinne kan wees nie. |

(4 x 1) (4)

3.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Naomi het in die reën huis toe gestap.
- Naomi se seuntjie was bly om haar te sien.
- Naomi het met die bus Saxonwold toe gery.
- Naomi het gesukkel om vir haarself 'n rok te maak. (4)

3.7 Waarom kan 'n mens sê dat Naomi 'n goeie ma is? (1)

3.8 Waarom was dit verkeerd van Naomi se man om met haar te raas omdat sy laat by die huis gekom het? (1)

3.9 Watter les oor leuens het jy by Naomi geleer? (1)

3.10 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die verhaal pas? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

... Die messe was geslyp, daardie stukkende stoel was reggemaak, die agterdeur wat altyd so moeilik toegemaak het, kon weer sluit, die skarniere het nie meer gepiep nie, en die buitekamer se dak sou nie meer lek nie.

Oom Apie was nie lui nie. En ook nie betroubaar nie. 'n Afspraak moes jy nooit met hom maak nie; hy kon oornag van plan verander. En sy stories moes jy met 'n knippie sout neem; hy had 'n vrugbare verbeelding.

Maar lag sou jy wel as hy in die geselskap is. Want al sy stories was snaaks, al het hy nie self so gedink nie.

Hy was kort van postuur en nogal geset en baie bles en bokant sy haakneus het 'n draadraambrilletjie sy ruie wenkbroue uit sy ondeunde oë gehou. En daardie oë, ja – hulle was altyd wakker en op soek na iets: 'n situasie om uit te buit, ...

3.11 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (3.11.1 tot 3.11.4) en die antwoord neer.

3.11.1 Oom Apie het nie 'n vaste blyplek gehad nie, want hy het nooit ... nie. (1)

3.11.2 Oom Apie het baie ... gehad en was oral welkom. (1)

3.11.3 Oom Apie het baie gestap; daarom het hy nooit ... geword nie. (1)

3.11.4 Almal het gewonder waar Oom Apie sy ... gekry het, want hy was altyd skoon en netjies aangetrek. (1)

3.12 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.12) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n metafoor; | klanknabootsing; | kontras |

"die skarniere het **nie meer gepiep nie**, ..." in reël 2 is 'n voorbeeld van ... (1)

3.13 Waarom het oom Apie baie keer nie geld gekry vir die werkies wat hy gedoen het nie? (1)

3.14 Gee TWEE redes waarom oom Apie 'n stoel met hom saamgedra het. (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.15) en die letter (A–D) neer.

"En sy stories moes jy **met 'n knippie sout neem**; ..." (Reël 5 en 6). Dit beteken dat oom Apie ...

A verskillende stories vertel het.
B altyd die waarheid gepraat het.
C stories vertel het wat nie altyd heeltemal waar was nie.
D stories vertel het waarvan die tannies nie gehou het nie. (1)

3.16 Almal het van oom Apie gehou.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.16.1 tot 3.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.16.1 Oom Apie was baie anders as die ander mense in sy familie. | A Aan die begin van elke maand het hy sewe klein spoelklippies ingesluk. |
| 3.16.2 Oom Apie het geglo hy moet sy maag gereeld skoonhou. | B Oom Apie het homself uit die krisis met sy jeugliefde gekry. |
| 3.16.3 Oom Apie se jeugliefde het 'n skatryk man verkies. | C Oom Apie het altyd geskud van die lag vir sy eie grappe. |
| 3.16.4 Oom Apie is in sy slaap oorlede. | D Oom Apie het niks van geld gehou nie. |
| | E Die kontrei se mense het baie gepraat oor al die snaakse dinge wat oom Apie gedoen het. |

(4 x 1) (4)

3.17 Oom Apie se jeugliefde was twintig jaar lank met die boer getroud.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.18.1 en 3.18.2) en die antwoord neer.

Aan die einde van hierdie verhaal is die toon (3.18.1) (vrolik/ernstig), want ons lees van oom Apie se begrafnis. Tog het almal geweet dat oom Apie (3.18.2) (dit so wou hê/nog nie gereed was om te sterf nie). (2)

3.19 Waarom kan 'n mens verstaan dat oom Apie sy lewe as 'n swerwer *(drifter)* geniet het? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.20 Waarom was dit nie goed vir oom Apie dat hy al sy geheime vir sy jeugliefde vertel het nie? (1)

3.21 Waarom kan jy respek hê vir die goeie verhouding tussen oom Apie en die verteller se ouers? (1)

3.22 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat oom Apie anders was? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African